

Sing vooraf: Psalm 34:6 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 9:1, 10 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Skriflesing: Psalm 51 en Lukas 6:37-42

Teks: Lukas 6:37-42; Kategismus Sondag 43

En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. En Hy het vir hulle 'n gelykenis uitgespreek: 'n Blinde kan tog nie 'n blinde lei nie! Sal hulle nie altwee in die sloot val nie? 'n Leerling is nie bo sy meester nie; maar elkeen wat volleerd is, sal soos sy meester wees. En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk wat in jou eie oog is, merk jy nie op nie? Of hoe kan jy vir jou broeder sê: Broeder, laat my toe om die splinter wat in jou oog is, uit te haal, terwyl jy self die balk wat in jou oog is, nie sien nie? Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter wat in jou broeder se oog is, uit te haal.
(Lukas 6:37-42 AFR1953)

Dawid het Psalm 51 geskryf die nag toe sy en Batseba se kindjie gesterf het.

- Hy het deur verskriklike worstelinge gegaan, want hy het geweet dat die dood van daardie babatjie die direkte gevolg was van sy verkeerde lewe.
- Hy het nie met sy lewe getuienis van die waarheid gegee nie:
 - nie teenoor die Here nie,
 - nie teenoor homself nie, en
 - ook nie teenoor Uria en sy vrou nie.

Valse getuienis lewer beteken nie net om van iemand te skinder of om hom openlik te belaster of swart te smeer nie.

- Dit is ook om met die bedrog van jou lewe ander mense rondom jou se lewens te ruïneer.
- Valse getuienis kan dus net plaasvind as daar in jou eie binneste 'n gebrek aan innerlike opregtheid is. Dit was die geval met Dawid.

Vers 6 lees:

(8) Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. (Psalm 51:6 AFR1953)

Die Here het die waarheid lief.

Waarheid staan baie skerp teenoor valsheid.

- Die sonde werk altyd met die leuen, en 'n leuen is niks anders as valse getuienis nie.
- Dawid is deur God gedwing om daardie nag baie diep in sy eie hart te gaan rondgrawe.
- So diep dat hy daar sy eie bedrog en valsheid en leuens kon raaksien.

Dit is waar vers 5 inpas.

(7) . . . in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang! (Psalm 51:5 AFR1953)

Dawid probeer nie om homself hiermee te verontskuldig nie, hy besef daarmee maar net hoe diep die kwaad en oneerlikheid in hom ingebore is. *Uit 'n mens wat van voor sy geboorte af bederf is, kom daar dinge soos leuens, laster en valse getuienis.*

Maar ons kan nie hierdie Psalm lees sonder om baie aandag te gee aan vers 17 nie:

(19) Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie! (Psalm 51:17 AFR1953)

- God vergewe ons en daar is vir ons die pad terug na die waarheid toe op die voorwaarde dat ons werklik berou het oor dit wat ons verkeerd gedoen het.
- Geen skynberou nie. Geen gemaakte vroomheid nie.
- Net innerlike opregtheid en eerlikheid teenoor die Here!
- Dit sal vanself jou verhouding teenoor ander mense rondom jou regstel.

Die eerste verhouding waarvan daar in hierdie preek sprake is, is dus eerlikheid teenoor God.

Maar juis omdat dit ook die verhouding met jou naaste raak, kyk ons na drie beginsels wat in die gedeelte in Lukas 6:32-42 gegee word:

- Ons kan nie oor ander mense oordeel nie, want God het ons nie daarvoor aangestel nie.
- Ons kan ook nie regters oor ander mense wees nie, want ons het self te veel tekortkominge om suiwer te kan oordeel.
- Ons kan ook nie oor ander mense oordeel nie, want ons staan vanweë ons sondes self duidelik in die beskuldigdebank – soos dit blyk uit Psalm 51.

Valse getuienis kan gebeur bloot omdat ons lieg.

- Of dit kan wees omdat ons oordeel oor mense se bewegings of hulle lewens soos ons dit uit ons oogpunt sien.
- En as ons dan lieg oor wat hulle gedoen het, dan is dit juis omdat ons uit ons oogpunt die onwaarheid ondersteun. Dit is waarvan in Psalm 51:6 (51:8 AFR83) sprake is.

Lukas 6:41 praat maar van dieselfde soort ding:

Waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?!

Kritiek, skinder, veroordeling, beswadding – noem dit net wat jy wil, maar dit is alles dinge wat hier in die gesigsveld is.

Die sonde waarvan hier sprake is, is 'n sonde wat deur die tong begin word, en wat uiteindelik baie moeilikheid veroorsaak. Ons lees ook daarvan in Jakobus 3:2-6.

By implikasie staan in al die gedeeltes wat ons saam gelees het, die volgende:

- Ons mag geen vorm van oneerlikheid teenoor God beoefen nie.
- Ons mag ook nie oneerlikheid in die vorm van lieg of kwaadpraterij of enige familie van hierdie sonde teenoor ander mense beoefen nie.
- Die gevolgtrekking wat ons daaruit maak, is dat ons dus teenoor God en mense net die waarheid mag praat, en in ons getuienis met woorde en werke net die eer van God en die goeie naam van ons naaste moet bevorder.

Kom ons kyk na 'n opsomming van hierdie preek in Kategismus Sondag 43.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: *Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoed en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duivel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handeling moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).*

(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44. (f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 92:2 (p. 466)

- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dade bly, / die werke van sy hande.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 September 2008

Opsomming

Ons kan nie oor ander mense oordeel nie, want God het ons nie daarvoor aangestel nie. Ons kan ook nie regters oor ander mense wees nie, want ons het self te veel tekortkominge om suiwer te kan oordeel. Ons kan ook nie oor ander mense oordeel nie, want ons staan vanweë ons sondes self duidelik in die beskuldigdebank – soos blyk uit Psalm 51 en Lukas 6.